**20 April**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 18:15-22**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 18:18, 19**

## ’n Profeet soos Moses, en tog soveel meer!

Moses was ’n baie besondere profeet. Middelaar tussen God en die volk. Iemand besonder naby aan God (Num. 12:7, 8). Dink aan al die wonders in Egipte en die Sinaï-woestyn. *Daar was nie weer ’n profeet soos Moses nie* (Deut. 34:10).

Tog was Moses maar net ’n sondige mens met beperkte vermoë. Hy kon nie die harte van die volk verander nie, hulle nie lei tot volkome gehoorsaamheid aan God nie. Moses was iemand wat self na verlossing en die ewige lewe gesmag het. In sy genade openbaar God daarom aan Moses dat hy eendag, ná Moses, ’n ander profeet aan sy volk sal gee. Hierdie profeet sal soos Moses ’n mens wees, maar tog ook baie meer (Deut. 18:18). Hy sal God se wil volkome openbaar en uitvoer. Mense herskep!

In die Nuwe Testament dui Petrus (Hand. 3:22, 23) en Stefanus (Hand. 7:37) hierdie beloofde profeet aan as ons Here, Jesus Christus. Hy is die gekome Profeet wat alle mense voor ’n keuse kom stel (Joh. 9: 39). Wie Hom verwerp, word deur God verwerp en afgesny. Wie Hom aanvaar, word verlos en tot ’n nuwe mens herskep (2 Kor. 5:17). Hulle ontvang die ewige lewe.

So is ons Here Jesus wel ’n profeet soos Moses, maar tog meer. Hy is ook God self, regter, vernuwer en skenker van die ewige lewe. Aanvaar Hom en leef elke dag uit Hom!

*Sing: Skrifberyming 5-4:5, 6*

*Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)*